

Senwes Beperk
Registrasienuommer 1997/005336/06
Aandeelkode ZXSWS
ISIN: ZAEZ00000018
("Senwes" of "die Maatskappy")

DENOTERINGSKENNISGEWING

1. Inleiding

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat Senwes aansoek gedoen het by ZARX Eiendoms Beperk ("ZARX") om die Maatskappy te denoteer (die "Denotering"). Die aansoek is op 20 September 2021 deur ZARX goedgekeur, onderworpe aan die nakoming van toepaslike wetlike en regulatoriese voorwaardes.

Die doel van hierdie aankondiging is om aandeelhouers in kennis te stel van die redes vir en belangrike datums met betrekking tot die Denotering.

2. Redes vir Denotering

- 2.1 Op 23 Augustus 2021 het die Finansiële Dienste Raad ("FCSA") verhandeling op ZARX tydelik opgeskort weens nie-nakoming deur ZARX van sekere bepalinge van die Wet op Finansiële Markte rakende die regulatoriese behoud van kapitaal deur ZARX ("die Opskorting").
- 2.2 Aandeelhouers van Senwes is op 24 Augustus 2021 in kennis gestel dat die direksie van die Maatskappy die pad vorentoe oorweeg in terme van alternatiewe, indien nodig, sou die Opskorting tussen ZARX en die FCSA nie opgelos word nie.
- 2.3 Aangesien die Opskorting nog nie opgelos is nie en aandeelhouers benadeel kan word, het die Raad van Direkteure op 13 September 2021 besluit om oor te skakel na die verhandeling van aandele van Senwes op 'n "oor-die-toonbank"-basis ("OTC"). 'n OTC-mark is 'n gedentraliseerde platform waarop markdeelnemers aandele wat nie op 'n beurs genoteer is nie, kan verhandel deur bilaterale onderhandelinge.

3. Belangrike datums

Die belangrike datums en tye vir die Denotering is soos volg:

Rekorddatum vir Denotering	Donderdag, 30 September 2021
Verwydering van Senwes Beperk notering van ZARX	Vrydag, 1 Oktober 2021
OTC-markverhandeling	Vrydag, 15 Oktober 2021

Die datums voorsien in hierdie Aankondiging is onderworpe aan verandering. Aandeehouers sal in kennis gestel word van enige wysigings.

4. OTC-verhandeling

Aandeehouers sal binnekort voorsien word van die besonderhede en die proses om verhandeling te kan doen.

In opdrag van die raad van direkteure.

EM Joynt (Mev.)

GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS/AANGEWESSE ADVISEUR

Tel nr. (018) 464 7104

Klerksdorp

20 September 2021